*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (29/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 19 Julie 2024*

***"Confidence isn't thinking you're better than anyone else, it's realising that you have no reason to compare yourself to anyone else" Maryam Hasnaa***

## NUWE AANSTELLINGS BY DIE CGA

Oor die afgelope paar maande het CGA onderhoude met kandidate vir twee poste as Marktoegangskakelbeamptes gevoer. In 2023 het die CGA-raad besluit om hierdie twee poste in te stel om CGA se rol in die diplomatieke/politieke sy van marktoegang te versterk. Die CGA belê baie in die navorsing en tegniese aspekte van marktoegang (deur die Citrus Research Trust), maar dit is op politieke gebied dat marktoegangs-aansoeke en vordering somtyds vashaak. Hierdie twee posisies sal Deon Joubert (VSA en EU) en myself (Asië, Oos-Europa en Midde-Ooste) ondersteun in die werk wat ons doen. Hierdie posisies is ook deel van opvolgbeplanning vir die toekoms. As sodanig sal die twee poste aanvanklik by "desk-type" navorsing betrokke wees, terwyl 'n netwerk en vermoëns oortyd opgebou word.

Een van hierdie poste is gevul, Jana Janse van Rensburg het op 1 Julie 2024 begin. In haar CV stel Jana die volgende: *I have a great interest in international law and made it part of my academic background since the beginning of my legal studies. Agricultural trading business has become a focus point during my education and compliments my passion for the farming industry in exports as well as the need and urgency for food security. I am currently an LLD postgraduate student at the University of Pretoria. My aim is to make a positive legal impact through my dual research by identifying concerns in the export of produce (using citrus as an example) and innovate a possible solution for better market access for the farming industry of South Africa.* Die CGA verwelkom Jana hartlik en sien uit na die waarde wat sy tot die CGA sal toevoeg.

Die tweede pos sal in die middel van Augustus 2024 deur Amy Grundling gevul word. Amy is tans 'n intern by die Wêreldhandelsorganisasie in Genève. In haar CV stel Amy die volgende: *As an Agricultural Economist, I understand the significant role agriculture plays in the South African economy. Consequently, I am presently engaged in researching the impact of the African Continental Free Trade Area on the South African fruit industry while concurrently completing my internship at the World Trade Organization (WTO). Throughout my academic and professional journey, I have participated in numerous projects that have equipped me with essential skills such as research, project management, and data analysis.*

Die CGA sien uit daarna om Amy in Augustus hartlik te verwelkom, en na die belangrike bydraes wat sy tot ons span kan maak.

## CITRUS ACADEMY KORTKURSUS-OPNAME

Die Citrus Academy het versoeke vanaf verskeie streke vir kortkursusse in sitrus ontvang. Voltooi asseblief die opname op die skakel hieronder om aan te dui watter kursusse ons vir jou streek moet reël.
https://survey.zohopublic.com/zs/upCUqJ Vir meer inligting, kontak asseblief vir Sive by sive@citrusacademy.org.za

## GEPAK EN VERSKEEP

Swak weer oor die afgelope twee weke het verdere vermindering in voorspelde lemoenvolumes vir 2024 beteken. Die vriesweer in Senwes (Marble Hall en Groblersdal) het meegebring dat die nawel-skatting in daardie streek met 600 000 kartonne verminder is, en die Valencia-volumes met een miljoen kartonne. Die Wes-Kaap (Citrusdal) beoordeel steeds die impak van onlangse oorstromings, terwyl die Oos-Kaap deur sterk winde geraak is. Die Lemoen Fokusgroep vergader volgende week om hul voorspelling op te dateer.

| Einde van Week 28<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 15.2 m | 12 m | 12.6 m | 11.1 m | 11.1 m | 16.8 m | **14.9 m** | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 19.4 m | 22.7 m | 22.2 m | 17.9 m | 16.8 m | 43 m | 42.7 m | 38 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 28.3 m | 30.7 m | 28.1 m | 27.2 m | 23.1 m | 37.9 m | 35.1 m | 35.6 m | 39 m |
| Nawels | 19.8 m | 17.2 m | 15.4 m | 13.3 m | 11.6 m | 25.7 m | **21 m** | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 9.7 m | 11.8 m | 9.9 m | 7.4 m | 4.9 m | 58.3 m | **53.3 m** | 52 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **92.4 m** | **94.4 m** | **88.2 m** | **76.9 m** | **67.5 m** | **181.7m** | **167 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA***